ROUBEKLAG

LICHTENBERG. RP
Mnr.Lubbe, die Appelregters hier teenwoordig, al die oud-Regters en al die Regters van die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid Afrika is vandag byeen om eer te bewys en hulde te bring aan die voormalige Regter-President van hierdie Afdeling, Wyle sy edele Regter Hendrik Willem Olivier Klopper.

Regter Klopper is op 3 September 1991 oorlede na 'n lang lyding. Hy is op 8 Oktober 1915 in Thaba Nchu in die Oranje Vrystaat gebore op 'n plaas wat in 1885 deur President Brand aan sy grootouers getransporteer was. Sy skoolloopbaan het hy aan die Hoër Jongenskool ( Boys High ) te Paarl voltooi waar hy gematrikuleer het.

Vanaf 1934 tot 1936 was hy 'n voltydse student aan die destydse Grey Universiteitskollege in Bloemfonrein, die huidige in Universiteit van die Oranje Vrystaat, waar hy die graad BA behaal het.

In daardie drie jare het hy aan boks, krieket en tennis deelgeneem en het hy ook vir genoemde Universiteit se eerste span rugby gespeel. Hy was gedurende sy studiejare reeds voorsitter van die bokskomitee van die Grey Universiteitskollege.

Vanaf 1937 tot 1941 was hy 'n buitemuurse student vir die graad LL.B. wat hy in 1941 cum laude behaal het. Totdat hy in 1946 as advokaat toegetree het tot die Vrystaatse Balie was hy staatsaanklaer in die Bloemfonteinse landdroshof. Hy het reeds sy merk in die regswese gelaat as staatsaanklaer

toe hy in daardie hoedanigheid in opdrag van die destydse Sekretaris van Justisie al die ingewikkelde sake in verband met petrolbeheerregulasies en prysbeheerregulasies in die landroshowe dwars oor die Vrystaat sowel as in die Hooggeregshof en ook in die Appelhof behartig het. Hy het baie bygedra tot die opstel en wysiging van daardie regulasies.

As advokaat het hy ook in heel party opspraakwekkende sake met welslae opgetree in die destydse "High Court of Basoetoland", sowel as Kroonadvokaat asook as verdedigende advokaat. Hy was bekend vir sy deurdringende, vernuftige en suksesvolle kruisverhoor.

Hy was 'n baie deeglike en hardwerkende advokaat en het gou 'n goeie praktyk opgebou.

Die feit dat hy reeds na tien jaar aan die Balie senior status verwerf het en twee jaar later tot die Regbank verhef is, is voldoende bewys daarvoor dat hy groot aansien geniet het onder sy mede-advokate en onder sy Regterkollegas. Sy goeie regskennis en sy praktiese insig in regsprobleme was deur sy Regterkollegas sowel as deur regspraktisyns met agting bejeën, selfs wat betref spesialiteitsgebiede soos inkomstebelastingsake en waterhofsake.

Hy het 1956 "Queen's Counsel" geword, het in 1957 waargeneem as Regter van hierdie Afdeling en is in 1958 vas aangestel as Regter, van hierdie Afdeling. In 1976 het hy en het hy Regter-President van hierdie Afdeling geword en daardie amp beklee tot hy op 3 September 1985 afgetree het met bereiking van die ouderdom van 70 jaar.
Hy het egter na sy aftrede nog tot 15 Desember 1985 aangebly as waarnemende Regter-President van hierdie Afdeling.

Daarna het hy nog by verskeie geleenthede waargeneem as Regter van hierdie Afdeling. In 1986 het hy ongeveer 'n jaar lank waargeneem as Hoofregter van die

“High Court of Venda “
Gedurende sy dienstydperk as Regter- President van hierdie Afdeling het hy ook waargeneem as Appelregter in die Appelhof. Hy was byna 25 jaar lank as Regter aan hierdie Hof verbonde waarvan hy tien jaar lank as Regter-President gedien het.

Hy was 'n gewilde en beminde Kollega, en alhoewel hy dikwels streng in sy Hof was met die advokate wat voor horn opgetree het, het hy 'n menslike persoonlikheid gehad wat deur almal waardeer was en was hy orals gerespekteer gewees.

Hy was die dryfveer agter die vergroting van die hofgebou van hierdie Afdeling en hy het daarvoor gesorg dat ons vandag onder andere vyf bykomende hofsale het wat op 13 Junie 1981 in gebruik geneem was. Voor daardie datum was daar 'n nypende tekort aan hoflokale.

Hy was 'n veelsydige man. Hy was nie alleen 'n regsgeleerde nie maar ook 'n suksesvolle boer en het veral op die gebied van boks as sportadministrateur internasionale faam bereik.

In 1951 het hy President van die Amateur Boksvereniging van die Oranje Vrystaat geword.

In 1967 is hy deur die kabinet benoem as Voorsitter van die Oranje-Vrystaatse Beroeps-Boksvereniging van welke vereniging hy reeds sedert 1965 lid was, en in 1969 is hy aangestel as Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Nasionale Beroeps Boksvereniging.

In 1974 is hy in Panama gekies tot die Streeks Vise-President van die Wereld-Boksvereniging en het Afrika en Europa onder sy beheer geval.

In 1978 is hy verkies tot Vise-President van die Wereld-

Boksvereniging en in 1979 tot Eerste Vise-President van daardie Vereniging.

Op 20 Augustus 1982 het hy oorgeneem as President van die WereldBoksvereniging.

Op die gebied van sport, en veral op die terrein van Boks, het hy dus die hoogste trap bereik wat daar nog ooit in die geskiedenis deur enige Suid-Afrikaner gevul was want geen ander sportadministrateur in Suid-Afrika het so 'n hog prestasie behaal nie.

In 1975 is die Suid-Afrikaanse SportMerietetoekenning deur die Staatspresident aan hom oorhandig.

In 1977 is hy deur die Suid-Afrikaanse Sportskrywers aangewys as die Sportman (naamlik Administrateur van Sport) van die Jaar.

In 1978 het hy die Suid-Afrikaanse Bokstoekenning ontvang. In 1978 is daar ook die Anthony Maseroni-Toekenning deur die Wereld-Boksvereniging aan hom oorhandig, en di t is een van die hoogste bokstoekennings wat 'n persoon kan bekom. Toe die Sportskrywers vir Regter Klopper in 1977 as Sportman van die Jaar op Administrateursgebied aangewys het, soos reeds genoem, het hulle die volgende van hom gesê :
"*He has above all won the respect of the World Boxing Association through his sincerity, his obvious ability in debate and his integrity. These qualities have been his hallmark and South Africa has been judged through him to our credit*"

En die tydskrif "South African Boxing World" van Oktober 1982, het die volgende oor hom gesê:
"*The appointment of the Honourable Mr. Justice H.W.O. Klopper as President of the World Boxing Association is an honour that was long overdue. "The Judge", as he is affectionately known in boxing circles, is respected world-wide*

*as a boxing administrator.*"
Met die heengaan van hierdie veelsydige, alombekende, maar ook beminde persoonlikheid het almal wat gerespekteerde hom geken het 'n goeie en dierbare vriend verloor.

Die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid Afrika het ' n bekwame Regter, 'n bekwame Regter-President en 'n gewaardeerde Kollega verloor wat selfs nog na sy aftrede ons Kollega gebly het. Die Vrystaat het ' n groot seun verloor en Suid Afrika het 'n gewese befaamde sportadministrateur verloor wat op die gebied van die administrasie en beheer van boks wêreldberoemd geword het.

Al sy kollegas betuig hul innige meegevoel aan sy weduwee, kinders en kleinkinders en ander verwante en hoop dat hulle die krag mag vind om mettertyd die groot verlies wat hulle getref het, te bowe te kom.

ADV. LUBBE
Namens die regsvertakkinge van die regsberoep in die Oranje Vrystaat vereenselwig ek my graag met die huldeblyk wat u gelewer het ter nagedagtenis van wyle RegterPresident Klopper.

Ek het ongeveer 20 jaargelede die voorreg gehad om as jong student by hom in diens te tree as sy sekretaris en was hy gedurende die tydperk wat ek in sy diens was, nie net vir my 'n baas nie maar was hy ook my vriend en raadsman en was hy dit ook daarna in my latere loopbaan.

Hy het 'n rigtinggewende invloed op my as mens gehad. Die eienskap van Regter Klopper wat ek altyd sal onthou, is sy selfdissipline, en dit is seker ook waarom hy bekend gestaan het as 'n streng Regter. Hy kon geen laksheid of swak werk duld in sy hof nie, en daarom het hy ook verskeie kere sy toorn laat

ontvlam in sy hof teenoor regspaktisyns wat nie aan sy standaarde voldoen het nie. Maar dit het altyd gepaard gegaan met geregtigheid, en dit IS getemper met sy liefde vir sy medemens.

Langenhoven het gesê : "*Gee my 'n man wat sê wat waar is, as die duiwel daar is, wat doen wat reg is as die Regter weg is, wat trou by sy gewete bly as hy straf inplaas van sy beloning kry.*"

So 'n man was Wyle Regter-President Hendrik Willem Olivier Klopper. Ons eer sy nagedagtenis.

<u>LICHTENBERG, RP</u>
As teken van respek teenoor die ontslape Regter-President van hierdie Afdeling sal die hof 'n kwartier verdaag, en daarna sal die Mosiehof 'n aanvang neem**.**

<u>HOF VERDAAG</u>